

Skriflesing

Matt 27:27-44

Tema: Spot jy vir Jesus?

Prediking

Spot jy vir Jesus?

Jou eerste reaksie is waarskynlik skok. Hoe kan ek dit vra? Jy is onmiddellik verontwaardig, want jy is een van 'n groep mense in 'n erediens. Die vraag kan vir mense wat nie in die erediens is nie, gevra word. Maar om dit vir mense in die erediens te vra, is onvanpas.

In die Skrifgedeelte het ons gelees hoe Jesus gespot word. Dit is belangrik om daarop te let dat hier eintlik met die spotters gespot word. As ons met iemand spot, dan spot ons met hulle swak punte. Die spotters dink hulle spot met Jesus se swakpunte, maar alles waaroor hulle Hom spot, sal later blyk waar te wees.

Die soldate bespot Hom as koning. Hulle gooi vir Hom 'n pers mantel om. Pers was die kleur van 'n koning. Hulle sit vir Hom 'n doringkroon op. Hulle gee vir Hom as kamma-septer 'n stok in die regterhand. Hulle buig spottend voor Hom: "Ons groet u, Koning van die Jode!" Hulle spoeg op Hom. Hulle vat die stok by Hom en slaan Hom oor die kop. Toe hulle klaar is, trek hulle Sy mantel uit, trek Sy eie klere aan en lei Hom weg om gekruisig te word.

Mense wat by sy kruis verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het hulle koppe geskud en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" (Matt 27:40)

Kerkleiers, die priesterhoofde, skrifgeleerdes en familiehoofde het gespot: "'Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!" (Matt 27:42-43)

Die rower wat langs Hom gekruisig is, het Hom beledig. Ons lees in Luk 23:39 dat een van die rowers sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en ons ook!"

Hier leer ons weereens God se onbeskryflike groot genade ken. God kon Sy Seun red, maar Hy het nie. Jesus kon self van die kruis afkom, maar Hy het nie, want Hy het hierdie mense wat Hom spot, kom red. Hy het vir elkeen van ons kom red.

Die spottery is so erg dat ons wil uitroep: "Weet hierdie mense met wie hul te doen het! Het hulle enige benul wat hulle doen!"

Maar voor ons uitroep, terug by my en jou: ons is bevoorreg bo hierdie mense. Ons het die volle evangelie. Ons weet baie beter as hulle wat die kruis beteken. Jesus het in my en jou plek gesterf. Hy het my en jou sonde en dood oorwin, sodat ons kan leef. Ons moet nie te vinnig wees om die spotters te oordeel en te veroordeel nie. Natuurlik is dit wat hulle gedoen het verwerplik en geheel en al onaanvaarbaar. Maar is ons nie dalk nog deel van die spottende skares nie? Hoe is ons deel van hulle?

1. Ons spot met Jesus wanneer ons beloftes aan Hom maak en dit nie nakom nie.

By die doop beloop ons om ons kindjie in die evangelie, die goeie nuus van God, na die beste van ons vermoë self te onderrig en te laat onderrig. Doen ons dit?

By belydenisaflegging bely jy dat jy Jesus Christus gekies het as jou persoonlike Verlosser en dat jy Hom liefhet. Jy beloop om Hom te dien en nie skaam te wees om Sy Naam voor ander mense te bely nie. Jy beloop om deel te neem aan die werksaamhede van die kerk, sodat nie net jou eie geloof sal groei nie, maar jy ook Christus se liefde met ander kan deel. Doen jy dit?

By die huwelik beloop ons voor God en Sy gemeente liefde en trou vir altyd en in alle omstandighede aan mekaar. Is dit waar van jou huwelik?

2. Ons spot met Jesus wanneer ons nie leef in Sy voetspore nie.

Iemand het gesê: "Die grootste struikelblok wat die kerk het, is die onbevredigende lewe van sy Christene."

Mahatma Gandhi, destydse leier van Indië wat in Suid-Afrika grootgeword het, het gesê: "Julle Christus is goed. Ek bewonder Hom. Maar ek het nie tyd vir julle Christene nie, want julle is nie soos Hy nie."

Ons spot met Christus wanneer ons maak of ons voor die Koning buig en ons leef soos ons wil. Dan is ons eintlik ons eie god. Ons spot met Christus wanneer ons die Bybel verdraai om ons te pas of ignoreer wanneer dit ons nie pas nie. Ons spot met Christus wanneer ons nagmaal gebruik, maar skaam is om ander mense, in die woorde van Paulus, op te roep: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg. (1 Kor 11:1)

3. Ons spot met Jesus wanneer ons stilbly, as ons moes gepraat het.

Ek dink nie dit is nodig om voorbeelde te noem nie.

Die kerk en die wêreld spot met Christus. Sy dissipels het Hom in die steek gelaat. 'n onbekende, Simon van Sirene, kom help vir Hom om Sy kruis te dra. So moet ons altyd en oral bereid wees om ons kruis te dra.

Ons noem onself so maklik Christene. Ons sê ons is kinders van Christus, maar leef ons so?

Alexander die Grote (356-323v.C) word beskou as een van die roemrykste en dapperste veldhere van alle tye. Uit niks het hy die grootste wêreldryk van sy tyd verower en opgebou. Hy was uiters streng. Hy het dit as een van die ernstigste oortredings beskou wanneer een van sy soldate tydens 'n geveg sou bang word en vlug. Sonder uitsondering is dié ontroue soldaat tereggestel.

Volgens oorlewering het dit gebeur dat 'n jong soldaat van ongeveer 17 jaar, tydens 'n geveg gevlug het. Hy is gevang en deur Alexander die Grote verhoor. Die aanklag is gelees. Sy saak is hanteer en hy is skuldig bevind dat hy wel tydens 'n geveg gedros (ge-"awol") het. Voor vonnisoplegging het Alexander opgestaan, na die jong seun gestap en hom gevra: "Wat is jou naam?" Hierop was die beangste antwoord: "O Koning, my naam is Alexander!" Geskok vra Alexander die Grote: "Wat? Jy sê jy is ook Alexander? Met hierdie naam is jy vir my 'n grootse verleentheid! Ek spreek jou vry, maar verander jou naam of verander jou gedrag!"

Jy sê jy is 'n Christen. As jy nog soms spot met Christus deur nie die beloftes wat jy voor Hom gemaak het, na te kom nie en deur nie Sy voorbeeld te volg nie of stilbly as jy moes gepraat het, verander jou naam of verander jou gedrag!

Amen